



Wittenberg Schule

HUISWERKRIGLYNE

GRAAD 1 – 7

2015



Doel:

- Die **koördinerings** en **monitering** van alle graad 1-7-huiswerk op 'n daaglikse basis.
- Duidelike **kommunikasie** vanaf die graad 1-7-onderwysers aan die leerders, en veral die ouers, wat die **aard** en die **hoeveelheid** van die huiswerk betref.
- Ons wil verseker dat ons **goed gebalanseerde** leerders opvoed – op akademiese-, sport-, kultuur-, sosiale- en geestelike gebied.

Ons wil graag die volgende riglyne i.v.m. huiswerk aan u deurgee:

1. **Huiswerk** word beskou as die **inoefening van basiese vaardighede**; die **voltooiing van klaswerk** (wanneer nodig) en die **voorbereiding vir toetse/eksamen**.
2. 'n Graad 1 - 3-leerder behoort ongeveer **30 minute tot 1 uur per dag**, aan huiswerk af te staan. Dit sal natuurlik wissel na gelang van die spoed waarteen u kind werk.
'n Graad 4 - 7-leerder behoort ongeveer **1 uur tot 2 ure per dag**, aan huiswerk af te staan. Dit sal natuurlik wissel na gelang van die spoed waarteen u kind werk.
3. Dit sluit in dat u kind die nodige **hersiening** en **voorbereiding** vir die kwartaal-toetse gemaklik binne hierdie 1 - 2uur per dag kan afhandel, mits hy/sy reg beplan en **vooruit werk** indien die huiswerk nie die volle 1-2 uur per dag in beslag neem nie.
4. **Graad 1:** Die eerste helfte van die jaar het die graad eens 'n leër waarin die huiswerk van die week elke Maandag gesit word. Op die huiswerkpapiere word presies uiteengesit wat vir die week gedoen moet word. Elke dag as huiswerk klaar gedoen is, moet een ouer die papier teken. Dis maar net om seker te maak die ouers help die kinders met die huiswerk. 'n Graad 1-kind kan nog nie op sy eie huiswerk doen nie. Huiswerk behoort aan die begin van die jaar nie langer as 30min te vat nie. Later in die jaar kan dit tot 45min duur, na gelang van die spoed waarteen die kind werk.
In die derde en vierde kwartaal ken die ouers al die roetine en word net die wiskunde oefeninge in 'n A5-skrif geplak. Voor in hierdie skrif word daar egter presiese aanwysings oor die huiswerk geplak – dit is elke week min of meer dieselfde.
5. **Graad 2:** Daaglikse huiswerk bestaan uit Afrikaanse en Duitse spelwoorde, Afrikaans en Duits lees, sowel as Wiskunde. Afrikaanse diktee word Donderdae afgevra, terwyl die Duitse diktee op 'n Vrydag afgevra word. Om die spelwoorde te leer, is dit belangrik dat die kind die woord reg klank, veral met die Duitse woorde. As die kind die woorde reg klank, moet die ouer die kind daagliks die woorde afvra, veral die woorde waarmee die kind sukkel. Dit is belangrik dat as die kind met spelling sukkel, dat 'n volwassene hom/haar help om die klanke vas te lê en die woorde te memoriseer.
Daar is ook sigwoorde vir Afrikaans, wat die kind moet lees om sy leesspoed te verbeter.
Die Wiskunde somme wat huistoe gestuur word, gee aan die ouers 'n indikasie van die soort werk wat in die klas gedoen word, sowel as die werk wat in die assesseringstake sal wees.
Die huiswerkboek en leeskaart moet elke dag deur die ouer geteken word.
Een keer per kwartaal is daar formele mondelinge wat die kind in die klas moet doen. Partykeer word dit voor die tyd huistoe gestuur, sodat die ouer die kind leiding kan gee en hom/haar kan help om die mondeling te leer.
6. **Graad 3:** Leerders kry elke dag, Maandag tot Donderdag, huiswerk. Daar sal elke dag Wiskunde huiswerk wees, en 1 – 2 dae/week Afrikaans, waaronder Naweeknuus.

Daar word op Dinsdag, Woensdag en Donderdag Afrikaans gelees. Dit is goed dat u kind elke dag sy leesles oefen.

Diktee word op Maandag gegee, en ons skryf op Vrydag. Leerders moet daaglik oefen. Dit is goed om elke dag tafels te oefen.

Maak seker dat u u kind se huiswerk deurgaang, en teken elke dag die huiswerkboek.

Graad 4 – 7:

7. **Alle formele assesseringstake** sal altyd **in die klas** gedoen word. Dit sal onder geen omstandighede as huiswerk gegee word nie.

8. Daar is 'n groot sensitiwiteit by die onderwysers om nie klaswerk op 'n Vrydag of voor kwartaaltoetse te laat doen nie. Leerders kry kans tot Vrydag om Afrikaans-huiswerk te voltooi. Dit beteken egter dat take (soos 'n mondeling / lees / speltoets) wat reeds 'n billike tyd vooraf vir 'n Donderdag / Vrydag geskeduleer is, steeds voorberei moet word.

9. **Take:**

Alvorens 'n leerling 'n taak aanpak, moet hy/sy seker maak dat hy/sy die **inhoud van die rubriek duidelik verstaan**. Punte word volgens die inhoud van die rubriek toegeken.

6.1 **Navorsingstake:**

- ⇒ Navorsingstake sal oorwegend in die klas gefassiliteer en gedoen word.
- ⇒ Op laerskoolvlak leer leerders nog navorsingsvaardighede (soeklees; vluglees; kernwoorde; formaat en bronnelys) aan; sodat hulle op hoërskool in staat is om grootliks op hulle eie te kan doen.
- ⇒ Die standaard en formaat van Engels op die Internet is ver bo die vuurmaakplek van die meeste laerskoolkinders. Daar is baie beskikbare bronne op hulle vlak, soos bv. Mieliestronk!
- ⇒ **Ons verkies dit dat navorsingstake in u kind se eie handskrif gedoen word!**
- ⇒ U kind sal **geen ekstra punte** verdien vir enige getikte werk of grafieke / prente wat op die rekenaar gedoen is nie.
- ⇒ Moet asseblief nie **vir** u kind die werk tik nie; op dié manier ly u kind se selfbeeld daaronder en bemeester u kind ook nie eers die vaardigheid om 'n rekenaar te kan gebruik nie.

9.2 **Praktiese take:**

- ⇒ U sal **minstens 'n week (naweek ingesluit)** vooraf kennis kry indien u kind enige materiaal wat benodig word vir praktiese take, skool toe moet bring.
- ⇒ **Alle werk** word **in die klas** gedoen.
- ⇒ **GEEN ouer mag 'n kind help om 'n taak tuis te doen nie.** Indien die ouer wel help, sal die kind gepenaliseer word. Ons praat hier spesifiek van **modelle** wat bv. in NWT (Gr. 4 – 6) en Tegnologie (Gr. 7), asook Kunsprojekte gemaak word.

6.3 **Mondelinge take**

- ⇒ In **tale** is daar **twee – vier** keer per jaar 'n **voorbereide toespraak** en twee – vier keer **voorbereide lees**. U sal minstens **een week** voor die tyd weet wat die inhoud en formaat is. Dieselfde geld as daar 'n mondelinge aanbieding in enige ander vak as assesseringstaak gedoen word.
- ⇒ Die datums waarop take afgehandel moet wees, sal **skriftelik** aan u kind gegee word (d.w.s. die leerling skryf die datum wat gegee word in hul huiswerkboeke neer!) Hierdie inligting sal ook soos gewoonlik op die internet beskikbaar wees.

10. **Klaswerk**

Klaswerk word so hanteer dat 70% - 90% van leerders in 'n klas dit met gemak binne die beskikbare klastyd kan voltooi. Vir die leerlinge wat stadiger werk behoort dit nie meer as 10 – 15 minute neem om dit tuis te voltooi nie.

11. **Buitemuurse aktiwiteite**

- ⇒ Indien u kind **ekstra klasse, Kumon, remediërende lees of enige ander onderrig ontvang (bv. dansklasse, tennisafrigting, swem, musiek, sport, ens.),** moet u asseblief in ag neem dat dit **ekstra ure akademiese**

tyd by u kind se dag voeg. U kan nie hierdie ekstra inoefening ook verreken **as huiswerk** wat deur die skool aan u kind gegee word nie!

- ⇒ Neem asseblief die tyd wat bogenoemde aktiwiteite in beslag neem, in aanmerking wanneer u die buitemuurse aktiwiteite beplan.
- ⇒ Oor die algemeen wil ons regtig 'n ernstige beroep doen dat u die goue middeweg sal volg. Ons is van mening dat kinders in die laerskool nog **kind** moet wees en tyd moet hê om te kan **speel – dit is baie belangrik!** Ons besef egter ook dat daar baie talentvolle kinders in ons skool is en dat baie ouers voel hulle moet aan soveel moontlik aktiwiteite blootgestel word sodat hulle sinvolle keuses in die hoërskool kan maak. Ons is egter baie bekommerd, omdat die skaal al hoe meer begin oorhel na laasgenoemde – dit is geen uitsondering dat leerders in ons skool tot vyf buitemuurse bedrywighede het nie – wat elke minuut in hulle dag opslurp!
- ⇒ Leerders met té vol programme, laat noodgedwonge huiswerk en leerwerk ophoop – dit lei tot groter druk en spanning.

12. **Afskryf van huiswerkopdragte:**

Alhoewel die huiswerkopdragte op die internet beskikbaar is, word van elke leerling verwag om die huiswerk daaglik af te skryf, aangesien nie almal toegang tot die internet het nie. Ons kan ook nie altyd waarborg dat die huiswerk wel op die internet verkrygbaar sal wees nie. Ouers moet daaglik die huiswerk kontroleer en die huiswerkboek onderteken.

13. **Afwesighede:**

- ⇒ Indien u kind afwesig was, gee ons vir hom/haar 'n week (of langer, na gelang van omstandighede) om die werk in te haal. Die goue reël: **Hoe gouer, hoe beter!**
- ⇒ Enige toetse/assesseringstake wat nie geskryf is nie, **moet gedurende die kwartaal nog gedoen/geskryf word.** Die reëling is dat 'n toets geskryf word die dag waarop die kind terugkeer skool toe in die betrokke onderwyser se klas. Tref asseblief **persoonlik** reëlings met die betrokke personeellid. Die besluit lê egter nog steeds by die personeellid of dit noodsaaklik is om die assesseringstaak/toets op 'n latere stadium in te haal. Afwesighede tydens toetse of eksamens moet d.m.v. 'n dokterssertifikaat bevestig word.
- ⇒ **Beperk asseblief enige afwesighede tot die absolute minimum!** U besef dit nie, maar indien u kind verduidelikings mis, bv. in wiskunde en tale, moet al daardie werk gedurende pouses aan u kind verduidelik word, alvorens hy/sy die take kan doen.
- ⇒ Indien 'n personeellid afwesig is, moet u kind na sy/haar **toesigklas** verdaag. Daar word die **werk wat die personeellid gestuur het of huiswerk word afgehandel** en indien laasgenoemde voltooi is, word **gelees.** Sorg asseblief dat u kind te alle tye 'n mediaboek in die tas het!

14. **Monitering van huiswerk:**

Die graad 4-7's se huiswerk word elke dag gemonitor. Dit is om koördinering tussen die onderwysers te vergemaklik en ook om 'n data-basis op te bou, indien daar enige navrae in die toekoms is.

Indien u enige vrae het, (nou, of in die toekoms) bel ons gerus of kontak ons via e-pos. Ons is hier om te help!

Graad 1 – 7 klasvoogde

✂ *****

AFSKEURSTROKIE

AANDAG: Registeronderwyser

Ek, ouer van in Gr.
verklaar hiermee dat ek kennis geneem het van die huiswerkryglyne.

.....
Handtekening van ouer

.....
Datum